# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**14 Mei 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as ’n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Erediens:**


**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Lied 475:1,2
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE**
**Sing:** Psalm 25-1:2,4,5
**Gebed**
**Skriflesing:** 1 Timoteus 3:14-16
**Sing:** Psalm 43-2:2
**Fokus:** 1 Timoteus 3:15b
**Preek:**



**Tema:**

Ons geestelike moeder - ’n pilaar en fondament van die waarheid.

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Skrifberyming 15-7:4,5
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Teologiese Studentekas.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 6
21 Mei: Wyk 7
28 Mei: Wyk 8



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens beskikbaar. Ons teedrinkplek het verskuif na die groot saal waar ons gewoonlik ons gemeente-etes het. Dit is 'n bietjie opgeknap om 'n kuier atmosfeer te skep. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Die tema van vandag se bybelstudie is: Die Doop. Mense het vrae oor Kinderdoop en Grootdoop, oor besprenkeling en onderdompeling. In vanmiddag se bybelstudie gaan ons aan hierdie tipe vrae aandag gee. Lidmate kan ook elektronies deur middel van Google Meet inskakel by die bybelstudie. Die skakel daarvoor sal elke Sondagmiddag op ons gemeente se whatsapp-groep geplaas word.

**GEESTELIKE FONDASIE SEMINAAR SONDAG 21 MEI:**
Ons leef in 'n deurmekaar en onseker wêreld, terwyl mense verskillende uiteenlopende dinge glo. Daarom is dit belangrik dat ons as gelowiges weet wat die fondasies is waarop ons geloof gebou word, sodat ons staande kan bly te midde van alles. Op Sondag 21 Mei 2023, wanneer ons nagmaal het, gaan een van ons fasiliteerders vir die Vlamvat Proses, ds. Richard Verreynne 'n geestelike fondasie seminaar in ons gemeente aanbied. Die program vir die dag is soos volg:
09:00-10:15: Erediens waartydens ons nagmaal gaan gebruik en ds Richard die eerste fondasie, naamlik *Christus, die Middelpunt – ons Alles in Alles* met ons gaan behandel.
10:15-10:45: Tee/koffie
10:45-11:30: Ds. Richard behandel met ons die tweede fondasie, naamlik *God bo Alles ons Passie!*
11:30-11:50: Groepbespreking
11:30-12:30: Ds. Richard behandel met ons die derde fondasie, naamlik *Verstaan Genade! Bou op Genade!*
12:30-13:20: Middagete
13:20-14:00: Ds Richard behandel met ons die vierde fondasie, naamlik *Christen en Gemeente*.
14:00-14:10: Afsluiting.

**GEMEENTE-ETE OP 21 MEI:**
Op Sondag 21 Mei, wanneer ons nagmaal het asook ons geestelike fondasie seminaar, het ons ’n gemeente-ete om 12:30. Wyk 5 (Ansa du Toit), Wyk 6 (Désirée Korb) en Wyk 7 (Hannelie Hoogendyk) is verantwoordelik. Kostes is steeds R50 per persoon, R30 vir kinders bo 12 en kleuters en peuters verniet. Elke gesin moet ’n warm gereg bring, eie drinkgoed en eetgerei uitsluitend poeding bakkies. Alle wyksusters moet vandag terugvoering gee.

**NUWE EPOS ADRESSE:**
Saam met die nuwe webbladsy vir ons gemeente (www.gkwelkom.co.za) het ons ook nuwe epos adresse vir al die funksionarisse in ons gemeente gekry. Die nuwe epos adresse is soos volg:

| | |
|---|---|
| Predikant: | dominee@gkwelkom.co.za |
| Skriba: | skriba@gkwelkom.co.za |
| Attestaat-skriba: | attesskriba@gkwelkom.co.za |
| Diakonie: | diakonie@gkwelkom.co.za |
| Admin beampte: | admin@gkwelkom.co.za |
| Kassier: | kassier@gkwelkom.co.za |
| Koster: | koster@gkwelkom.co.za |
| Orrelis: | orrelis@gkwelkom.co.za |



## Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 20 Mei 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 17 Mei | Frans Jordaan | 082 512 9710 |
| 19 Mei | Edie Lonergan | 082 473 7960 |
| 19 Mei | Elizna du Plessis | 083 288 2002 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**
- Daar is steeds vordering by sr. René van der Walt, wat nog in Bloemfontein Medi-Clinic is. Reëlings is getref dat sy op 22 Mei na die GFRehab in Welkom oorgeplaas word. Intussen het sy ’n kiem opgetel waar-voor sy vir 14 dae antibiotika moet drink, wat die oorplasing na die GFRehab in Welkom mag vertraag. Ons vra voorbidding vir haar – in besonder dat daar nie nog iets gebeur wat haar oorplasing na Welkom vertraag nie.
- Br. Andries van Zyl (071 642 4007) sterk tuis aan, nadat hy ’n noodoperasie ondergaan het weens sy derm wat deur naeltjie breuk gedruk het. Ons vra dat julle in julle gebede aan hom sal dink – in besonder vir ’n spoedige en volkome herstel. Dink ook in julle gebede aan sr. Petruscha van Zyl (082 058 8005) wat, behalwe vir Andries se siekte, ook ander familielede het wat die afgelope tyd ernstig siek is.
- Br. Frans Jordaan (082 512 9710) sterk tuis aan, nadat hy behandeling ondergaan het om sy pasaangeër reg te laat werk. Ons bid vir ’n spoedige en volkome herstel.

**LIEF EN LEED:**

- Ons vra dat julle in gebed aan br. Neels en sr. Ria Harmse (076 793 3254) dink. Br. Neels loop moeilik, terwyl sr. Ria baie pyn ervaar en verskeie mediese toetse moet ondergaan.
- Br. Sias en sr. Ria Knoesen (084 577 7707) het beide oogoperasies ondergaan. Ons bede is dat die operasies suksesvol mag wees en ons bid vir hulle met die gesond word.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of ander beproewings beleef.
- Baie geluk aan sr. Lea Kloppers (072 980 7714) wat ’n agterkleinkind ryker geword het.

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**



**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**

**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**

Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)
Attes Skriba:
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Epos:** www.gkwelkom.co.za
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA